

Die Evangelie volgens Lukas: Reaksie op die aankondiging aan Sagaria (Luk 1:18-25) – Francois Malan

1:18 In die lig van hulle ouderdom vra Sagaria om 'n teken vir die menslik onmoontlike (soos Abraham Gen 15:8; Gideon Rig 6:36-37; Hiskia 2 Kon 20:8). Paulus sê die Jode is mense wat 'n teken soek (1 Kor 1:22; vgl. Luk 11:29 wat Jesus daarvoor sê). Dit is 'n bewys van kleingelowigheid. Dit soek sekerheid wat geen ruimte vir twyfel laat nie en daarmee ook geen ruimte vir geloof nie.

1:19 Die soeke na onfeilbaarheid is altyd oneg, want soos Gabriël impliseer, dra elke woord van God wat na ons toe kom sy eie gesag en sekerheid, sy eie geloofsbrief en hoef nie bewys te word nie. Ware godsdiens kan reageer op egte en gesagvolle woorde. Gabriël (man/dienaar van God; vgl. Dan 8:16; 9:21 ook tydens die aandoffer) staan in die teenwoordigheid van God en bring die goeie boodskap, die evangelie van God af. Met sy naam maak Gabriël ook sy volmag bekend. 'Ek is gestuur' – God het my gestuur, Hy is my opdraggewer. Wie my woord betwyfel, betwyfel eintlik vir God. Sagaria is die eerste persoon aan wie die evangelieboodskap, die goeie woord, verkondig word, en daarmee self in die evangelie opgeneem word. Lukas is die vreugde-evangelie! Maar soos die Fariseërs en Sadduseërs 'n teken van Jesus vra (Mat 16:1; Joh 6:29), vra hierdie priester ook 'n teken.

1:20 Sagaria se versoek om 'n teken word beantwoord met 'n strafteken. Dit lyk of Lukas veral belangstel in die fisiese gevolge van 'n ongemaklike gewete, bv. ook in Hand 5:5 met Ananias; Hand 13:11 met Barjesus. Met die strafteken dat hy nie kan praat nie, word die Goeie Nuus van die komende

Verlosser vir eers vir die volk, wat buite staan en bid, weerhou. Hulle moes nog langer daarop wag, en dit word eers met die geboorte van hierdie kind bekendgestel. Vir Sagaria is dit 'n teken dat vir God niks onmoontlik is nie. Dit stel 'n vraagteken agter die Ou Testamentiese vroomheid se onberispelikheid volgens al God se geboorte (1:6) en wys hoe God in die lewe van 'n mens kan ingryp. Die verstomming van Sagaria volg omdat hy nie die woord van God geglo het nie, en dit leer Sagaria om te glo en te vertrou dat wat God sê, vervul word. Teenoor Sagaria se ongeloof staan die Here se getroue vervulling van sy woord op sy tyd, soos 'n uurglas of sandloper tje wat vol loop (vgl. Gal 4:4).

1:21-23 Die volk verwonder hulle oor die vertraging van Sagaria in die heilige, wat as die domein van God as gevaarlik beskou word. Wanneer hy uitkom, lei die priester gewoonlik die ander priesters om die Aäronitiese seën van Numeri 6:24-26 oor die volk uit te spreek, maar Sagaria beduie net sonder om die Here se seën, beskerming, redding, genade en vrede oor hulle aan te kondig. Uit sy ongewone optrede besluit hulle dat hy 'n visioen in die heiligdom gesien het – volgens 1:11 het hy 'n engel (boodskapper) van die Here gesien. Hy gaan ná sy dienstermyn terug huis toe in 'n dorpie van Juda sonder om 'n ophef te maak van die wonderlike nuus wat hy oor sy kind en oor Israel se verlossing ontvang het (1:39).

1:24-25 Ook Elizabeth maak geen ophef van haar swangerskap nie maar bly wagtend totdat Maria by haar opdaag.

Die hele paragraaf verduidelik dat Johannes die Doper sy uitsonderlike ondenkbare boodskap van bekering en doop vir die Joodse volk in opdrag van die Here doen. Die Jode het wel proseliete gedoop om hulle heidense onreinheid af te was, maar nie 'n Jood nie, wat in hulle verbond met God gebore word nie. Johannes doop egter Jode om hulle voor te berei vir die koms van 'n Messias/Christus wat menslike gedagtes en verwagtings ver oortref en nie volgens menslike maatstawwe beoordeel kan word nie. Sy bediening raak die ganse volk en nie slegs

Sagaria se gesin nie.

Die aansluiting by die laaste woorde van Maleagi oor die belofte van 'n Elia wat sal kom verbind die Ou Testament as die Here se belofte met die Nuwe Testament as die vervulling van sy beloftes aan die mensdom.

(Anders as die Hebreeuse Ou Testament volg ons Bybel die rangskikking van die boeke van sommige manuskripte van die Griekse Ou Testament, met Maleagi as die laaste boek, voor die Nuwe Testament.)

Die geskiedenis van die Doper en van Jesus is 'n vreugdeboodskap wat onder die eis van geloof staan. Die tyd het aangebreek vir die groot geloofsbeslissing van Israel, vir of teen die Here.

Die Evangelie volgens Lukas: Aankondiging van Johannes die Doper se geboorte (Luk 1:5-17) – Francois Malan

1:5 Lukas lê eers die verband tussen Johannes se geboorte en die wêreldgeskiedenis, met Herodes (die Grote, van 37-04 v.C.) koning van Judea as verteenwoordiger van die hele Palestina. Herodes het die titel 'koning' van die Romeinse keiser ontvang. Die Romeinse owerheid het Jesus aan die kruis 'die koning van die Jode' genoem (Lk 23:38, so in alvier die Evangelies).

In dié gedeelte gaan dit oor die priesterlike afkoms van

Johannes die Doper as verteenwoordiger van die hele Ou Testament en oor die tempeldiens, om die verband tussen God se ou verbond met Abraham en Israel en die nuwe verbond met Jesus en sy kerk te lê. Dawid het aan die einde van sy lewe die priesters in 24 afdelings ingedeel vir diens in die tempel (1 Kron 24:1-6). Die agtste afdeling, waaruit Sagaria kom, was van Abia, uit die geslag van Eleasar, seun van Aäron. Elke afdeling het twee maal per jaar vir 'n week die diens in die tempel kom waarneem. Die afkoms van Johannes se moeder word aangedui as direk uit die geslag van Aäron wat by Sinai as priester aangestel is, 250 jaar voor Dawid se indeling.

Die naam Sagaria beteken 'die Here onthou' en Elizabeth 'my God is 'n eed' wat beteken 'my God is die absolute getroue.' Hulle name verteenwoordig die getrouheid van die Here (aan *Jahweh* 'die Ek is') die God van die Ou Testament wat sy beloftes onthou (vgl. sy verbondsbelofte aan Abraham in Gen 12:1-3, 1600 jaar voor Christus).

1:6 Die ouers van Johannes ontvang hier die hoogste lof volgens die priesterlike kode en van die vroomheidsideaal van hulle tydgenote: in die oë van God (volgens sy beoordeling) is hulle albei regverdig (*dikaioi* – reg volgens wat God vereis, soos Noag, Gen 7:1; en Abraham Gen 26:5; vgl. Mal 3:16) en is hulle onberispelik (volgens die mense se oordeel; vgl. ook Jesus, 2:52), leef hulle volgens al die geboie en voorskrifte van die Here. Dit beteken nie dat hulle sonder sonde was nie, maar dat hulle God getrou gedien het, anders as die algemene gees van hulle tyd.

1:7 Die algemene verwagting was dat God 'n getroue dienskneg sal seën met kinders (Ps 127 & 128), en dit maak die twee ou mense se kinderlose toestand vir hulle 'n onverstaanbare tragedie. Vir die egte Jood was elke seun wat gebore word 'n stap nader aan die koms van die Messias. Priesters het nooit afgetree nie, en kon baie oud word in die priesterdiens. Hulle ouderdom (letterlik: hulle albei was reeds gevorderdes in hulle dae – 'n Aramese uitdrukking in Grieks weergegee) het

verder gemaak dat hulle nie meer gehoop of verwag het dat 'n kind vir die onvrugbare Elizabeth gebore sou word nie. Dit het hulle nie laat afwyk van hulle toegewydheid aan die Here nie. Die Here se pad met onvrugbare Sara (Gen 17:17; 18:13-14); Simson se ouers (Rigt 13:2-3); Samuel se moeder (1 Sam 1:2), het teen die algemene verwagting en geloof ingegaan. God is die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur (vgl. 1:36; Ef 1:11).

1:8-9 Daar was 'n paar duisend priesters en toe die beurt van die Abia-groep aanbreek was daar ook baie van hulle vir die een van hulle twee weke per jaar diens by die tempel. Die lot het op Sagaria geval om die dag se môre- en aand- reukoffer op die goue altaar in die heilige van die tempel te bring, nadat 'n ander priester kole en as vanaf die brandoffer op die groot altaar wat buite die heilige gestaan het, op die goue altaar gegooi het (Eks 30:7-8). So 'n voorreg het maar eenmaal in sy lewe 'n priester te beurt geval en baie het nooit so 'n geleentheid gekry nie.

1:10 Die reukoffer-altaar staan tussen die tafel met die toonbrode en die 7 lampe. Die wierook wat opstyg in die tempel is die simbool van die hele gemeente wat buite in die voorhof van die volk by die offer op die groot altaar, besig is om te bid: 'Barmhartige God kom in die heiligdom en neem met welgevalle die offer van U volk aan.' Die groot menigte bidders veronderstel dat dit by die aandoffer was (Dan 9:21; wat reeds teen 3nm begin het). Hulle wag op die priester se terugkeer en seën nadat hy die brandoffer van versoening vir hulle sondes met die geur van die wierook aan die Here aangebied het. Die reukoffer is 'n teken van die selfoorgawe van die bidders aan die Here (Ps 141:2).

1:11-12 'n Engel van die Here (Gabriël, volgens 1:19) verskyn aan die regterkant van die altaar (die ereplek vir 'n regter; vgl Hand 7:55) aan die kant van die tafel met die 12 toonbrode – letterlik: brode van die aangesig – met 'n bakkie wierook op elkeen van die ringbrode as dankoffer aan die Here wat aan

elke stam sy daaglikse brood gee. Die priesters eet die brood op 'n heilige plek (Lev 24:5-9). Sagaria is nog alleen in die stilte van die heiligdom toe skrik hy, ontsteld oor die skielike verskyning van die engel, en vrees oorval hom, want die sondige sterflike mens verwag die Here as sy Regter.

1:13 Hy word dadelik deur die engel gerusgestel: Moenie bang wees nie Sagaria. Hy kom as 'n vreugdeboodskapper, onverwags en onverdiend. 'want jou gebed is verhoor' – op daardie oomblik was Sagaria besig om te bid vir sy volk se verlossing, en dié gebed word verhoor, en ook hulle jarelange gebede om 'n kind. Hulle kinderloosheid word nou onthul as die Here se uitverkiesing van hulle twee as ouers van die voorloper van die Messias, die versugting van elke egte Jood.

Jou vrou Elizabeth sal in haar ouderdom 'n kind in die lewe bring – 'n wonderwerk want sy is by die jare van kinders kry verby. Maar met die herhaling van die wonderwerk aan Abraham en Sara, kondig die Here die vervulling aan van sy belofte aan Abraham in Gen 12:2-3. En jy moet hom Johannes noem (deur Jahweh begenadig/Die Here is genadig/genadegawe van die Here). Deurdat die Here die naam vir die kind gee, neem die Here die verantwoordelikheid vir hierdie kind op 'n besondere wyse op Hom, en die kind kry 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor die Here. Hy is die voorloper (1:76) van die Een wat die genadejaar van die Here gaan inlei en aankondig (Luk 4:19).

1:14 Vir Sagaria en Elisabet sal die kind 'n bron van vreugde (*chara*) en intense blydschap (*agalliasis*) wees, en baie mense sal bly wees (*chairō* 'n toestand van vreugde en welwese) oor die geboorte van 'Die Here is genadig,' want hy gaan die koms van die Verlosser (*soter* 1:47; 2:11) voorberei. Lukas is ook die Evangelie van vreugde wat hier met drie Griekse woorde beklemtoon word. Johannes moet as wegbereider van heil beskou word en nie as boodskapper van oordeel nie (1:76-79).

1:15 Die taak wat die Here vir die beloofde kind het, word in 1:15-17 uitgespel. Eers hoe hy sal wees: groot in die oë van

die Here (vgl. 7:28), die grootste van alle profete wat tot dusvêr in die Naam van die Here opgetree het. So word die heilstyd vir Israel met woord en daad ingelei.

Soos 'n Nasireër (Num 6:2-3) sal hy geen wyn of bier drink nie (*sikera* word gebruik vir alle dwelmdranke wat van graan gemaak is. In die Bybelse tyd was dit bier – whisky, gin, vodka was toe nog nie bekend nie).

Anders as 'n Nasireër, word nie gesê hy mag nie sy hare of sy baard skeer nie (Num 6:5; Rigt 13:5). In plaas daarvan word gesê: hy sal met die Heilige Gees vervul word reeds van sy moeder se swangerskap af. Van voor sy geboorte tot met sy dood sal hy aan die Here gewy wees en in diens van die Here wees.

1:16 Hy word soos 'n hoëpriester die man wat mense, baie van die kinders van Israel, met God sal laat versoen word, deur hulle terug te lei na die Here as hulle God. Hy is die wegbereider van God en van God se heerskappy. Johannes en Jesus is volledig in die Ou Testament en die Ou Verbond gewortel, en die oorgang van Jodendom na Christendom is vir Lukas sonder die nodigheid van 'n brug. Johannes berei die koms van God voor, wat met Jesus vervul word. Terwyl Johannes die prediker is oor die verwagte Christus/Messias/Gesalfde, is Jesus die Joodse verwagte Messias gesalf as koning, priester en profeet, wat die Here se verbond met Abraham kom vervul. Johannes kom herstel die vrede tussen die Here se volk en hulle Here, deur bekering uit hulle ongehoorsaamheid te verkondig. Baie van die kinders van Israel sal na die Here hulle God terugkeer deur sy prediking. Daarvoor is Johannes toegerus met die Heilige Gees.

1:17 Lukas maak seker Johannes die Doper word nie gesien as 'n reïnkarnasie van Elia nie. Daarom sê hy Johannes sal met die gees en krag van Elia voor die Here uitgaan; anders as in Markus 9:15 en Mat 11:10. Lukas wys op Johannes se optrede wat soos Elia s'n is. Lukas is die enigste van die drie Evangelies wat Mal 4:6 aanhaal.

In Lukas 1:17 stel die engel Johannes voor as Jesus se voorloper, wat die wêreld vir Jesus se bediening voorberei. Soos aan Elia sal vir Johannes die regte woord gegee word om te praat, en die krag van die Heilige Gees stel hom in staat om die bediening waartoe hy geroep is, te volbring.

Die Evangelie volgens Lukas: Voorwoord van Lukas (1:1-4) – Francois Mañan

In klassieke Griekse styl begin Lukas sy verhaal (*diégesis* verhaal, berig, verslag) deur sy werk op te dra aan iemand, en deur te verwys na sy navorsing en bronne, om geloofwaardigheid daaraan te verleen. Dié inleiding geld ook vir die boek Handeling. Die twee boeke moet as 'n eenheid gesien word, vgl. Hand 1:1-2 oor wat Jesus begin doen het, en Hand 1:8 julle sal my getuies wees, deur wie Jesus sy werk voortsit, nadat Hy hulle toegerus het met die krag van die Heilige Gees wat op hulle kom.

Lukas plaas sy Evangelie in die wyer wêreldsituasie: 1:5 verwys na die tyd van Herodes as koning van Judea; 2:1-2 na die volkstelling, toe Sirenius prokurator van Sirië was; 3:1 tydens keiser Augustus se opdrag van die sensus.

1:1 Die verhale wat 'baie mense' begin saamstel het, gaan oor 'die gebeurtenisse (*pragmata*) wat onder ons volbring is' – die passiewe vorm van die werkwoord dui aan dat dit God is wat die gebeure volbring het, en die perfektum vorm daarvan dat die gevolge daarvan nou voortduur en voortwerk (*pepleroforemenon*). Daaroor het Lukas se voorgangers berigte in verhaalvorm saamgestel. Die samestelling van die gebeure kon mondelings

geskied en dele daarvan kon ook skriftelik neergeskryf wees.

Lukas het blykbaar o.a. van die volgende bronne gebruik gemaak:

Die Evangelie van Markus is blykbaar deur Matteus en Lukas as bron gebruik. Dit word die M-bron genoem. Let op in Lukas, waar daar na Matteus en Markus verwys word (bv. by Luk 4:1-13, waar verwys word na Mat 4:1-11 en Mark 1:12-13).

Daar is ook gedeeltes in Lukas wat nie in Markus voorkom nie, maar wel in Matteus (bv. by Lukas 6:20-42). Dit lyk of Matteus en Lukas albei nog 'n ander bron as Markus gebruik het (dit word Q genoem volgens die Duitse woord vir bron, nl Quelle).

Daar is ook dele in Lukas wat nie in Markus of Matteus voorkom nie, wat Lukas by ander mense gekry het, wat dit vir hom vertel het (bv. van die apostels, moontlik Maria die moeder van Jesus self of iemand wat haar goed geken het oor bv. Gabriël se aankondiging aan haar, Luk 1:26-38), dit word dan die L-bron genoem.

Die M-bron het Markus in Rome geskryf op versoek van die gemeente om Petrus se vertellings aan hulle oor Jesus se bediening, neer te skryf. Die Q-bron is waarskynlik in Antiogië saamgestel uit woorde van Jesus. Die L-bron se gegewens het Lukas waarskynlik tydens Paulus se twee jaar gevangenis in Sesarea versamel, vgl. vir 'ons' by die verblyf by die evangelis Filippus op pad na Jerusalem, in Hand 21:8, die onderhoud met Jakobus in Jerusalem (Hand 21:18) en 'ons' vertrek na Rome, ná Paulus se twee jaar in gevangenis in Sesarea (Hand 27:1).

Die dele wat slegs in Matteus en Lukas voorkom (Q-bron beslaan 250 verse in elkeen van die twee) is, wat woordgebruik betref, nader aan mekaar as dié tussen Lukas en Markus (Luk kom in 350 verse tot 'n mate ooreen met Markus; Markus word in 600 verse van Matteus as bron gebruik). Dit lyk of Lukas eers Q en sy eie bronne gebruik het en later Markus daarby ingewerk het.

Lukas het ook, in die dele wat hy van Markus ingewerk het, Markus se Grieks verbeter en die gedeeltes verkort.

1:2 ‘...soos dié mense wat van die begin af ooggetuies was en dienaars van die Woord geword het, dit aan hulle opgedra het...’ – die ooggetuies is vertroubaar as hulle dienaars van die Woord word; en as hulle die Woord vertroubaar oordra is hulle ook vertroubare ooggetuies. Die twee hang wederkerig saam. Sommige mense het Jesus gesien, maar nie sy dienaars geword nie; ‘... van die begin af...’ verwys na die geskiedenis vanaf Jesus se voorloper wat sy koms aangekondig het, naamlik Johannes die Doper.

In Hand 20: 29-31 waarsku Paulus die ouderlinge van Efese dat wrede wolwe die kudde sal binnedring en manne uit hulle geledere sal verdraaide dinge verkondig om die dissipels agter hulle aan weg te lok. Daarom wys Lukas-Handelinge die vertroubare pad aan waarop hulle moet volhard, deur die genade van God, wat die mag het om hulle op te bou.

1:3 Die boek word aan Teofilus opgedra (sy naam kan beteken: vriend van God, of geliefde van God). Die aanspreekvorm Eksellensie (*kratiste*) beskryf hom as ’n vername persoon met ’n rang (soos bv. goewerneurs Felix, Hand 23:26; 24:3 en Festus 26:25 aangespreek word). Teofilus is waarskynlik ’n hoë Romeinse staatsamptenaar. Volgens pseudo-Clemens is hy ’n burger van Antiogië (soos Lukas blykbaar ook ’n Antiogiër was). Van ’n persoon aan wie ’n werk opgedra word, word verwag om te sorg vir die verspreiding van die opdragwerk deur afskrywers daarvoor te huur.

Lukas het dit goedgevind om, nadat hy self elke ding van die begin af ondersoek het (*parakoloutheo*), vir Teofilus ’n noukeurige verslag daarvan in volgorde (*kathekses*; een vir een/ordelik) as ’n aaneengeskakelde geheel neer te skryf, nie noodwendig in streng kronologiese orde nie, maar as ’n logiese en kunsvolle geheel. Daarmee bied Lukas homself aan as ’n vertroubare geskiedkundige.

1:4 '...sodat u verseker kan weet dat die onderrig wat u oor hierdie 'woord' (*logos* woord, gebeure) ontvang het, betroubaar is.' Lukas wil Teofilus en alle lesers van die vertroubaarheid van die boodskap oor Jesus en sy woorde en dade, verseker. Hy is 'n geskiedskrywer van God se woord. Dit blyk dat Teofilus nie onkundig is oor Jesus nie, en dat hierdie boek bedoel is om dit wat hy reeds gehoor het, te bevestig. Dit is moontlik dat verdraaiing van die evangelie reeds begin kop uitsteek het, en dat hierdie tweeledige boek (Lukas-Handelinge) die boodskap oor Jesus se woorde en dade aan gelowiges en ongelowiges wil bevestig en weer nuut onder hulle oë en in hulle harte bring. Wat die mense van dié tyd van Jesus geweet het, was hoofsaaklik van hoorsê. Daar was nog nie 'n volle beskrywing van Jesus se woorde en dade opgeteken nie. Markus se Evangelie het toe pas in die gemeente Rome begin sirkuleer met kopieë wat met die hand oorgeskryf is. Daar was 'n behoefte om die los berigte en boodskappe op 'n sistematiese wyse beskikbaar te kry vir die wyer kerkgemeenskappe.

Die inleiding wil bevestig dat die Christusgebeure waar is en wel geskied het. Jesus is nie deel van 'n mite nie, maar van werklike gebeure, wat deur geskiedkundige navorsing nagegaan word. Lukas gebruik 'n taal wat vir almal duidelik en verstaanbaar is, en kontak met die mense buite die geloofsgemeenskap kan bereik deur na die menslike kant van die evangelieboodskap te verwys. Die dinge (*pragmata*) wat onder ons plaasgevind het, is 'n algemene en wye opmerking wat die sekulêre karakter van die gebeurtenisse beklemtoon sonder om Jesus se naam pertinent te noem. Maar die lang klankryke woord *peplêroforêmenon* onderstreep die belangrikheid van die gebeure en die passiewe vorm suggereer dat dit deur God voltooi is en voortwerk sonder om God te noem. Die apostels en die evangelie word nie uitgespel nie, maar daar word net van ooggetuies gepraat wat bedienaars van die woord is. Die 'baie' wat al daarvoor gepraat en geskryf het wys na die geweldige belang van die dinge wat deur God voltooi is.

In dié proloog wys Lukas op die feitlikheid van die 'dinge' wat onder ons vervul is, en in die res van die Evangelie uitgespel word. Dat dit dinge is wat God gedoen het, kan nie as 'n feit bewys word nie. Daardie deel van Jesus se verhaal kan alleen deur geloof raakgesien word. Die geloof kan wel deur die menslike kant van die storie bevestig word. Dit alles bly die taak van die kerk deur die eeue en vir vandag met sy veranderde verstaan van die wêreld.

Die Evangelie volgens Lukas: Inleiding – Francois Malan

Die skrywer

Lukas se naam is waarskynlik reeds in die eerste helfte van die tweede eeu skriftelik aan hierdie Evangelie verbind. Die oudste getuienis daarvan kom van **Ireneus**, biskop van Lyon in 178-180 n.C. in sy *Weerlegging van die Dwalings (Contra Haereses)* dat Lukas, die metgesel van Paulus, die evangelie wat Paulus verkondig het, neergeskryf het. **Die Kanon van Muratori** uit dieselfde tyd sê: 'Die derde Evangelieboek volgens Lukas. Hierdie dokter Lukas het dit ná die hemelvaart van Christus onder sy naam geskryf volgens die algemene opinie, omdat hy Paulus se weg aanvaar het. Maar hy het ook nie die Here na die liggaam gesien nie'.

Lukas word drie keer in die Nuwe Testament genoem: Kol 4:14, Lukas die geliefde dokter, wat groete stuur vir die Kolossense; Filem 24; 2 Tim 4:11: 'Net Lukas is nog by my.' In Handeling, Lukas se tweede werk, dui die 'ons' gedeeltes, 16:10-17; 20:5-15; 21:1-18; 27:1-28, op Lukas as metgesel van Paulus op dié dele van die reise wat daarin genoem word (Lukas

se Evangelie en Handelingte is saam meer omvattend en langer as elkeen van die ander NT skrywers se totale werke (meer bladsye as al Paulus se briewe saam, ook meer as al die Johannese geskrifte saam).

Die **anti-Marsionitiese** proloog tot die Derde Evangelie (160-180 n.C.) sê dat Lukas van Antiogië in Sirië afkomstig is. Hy was nie 'n Jood nie (hy is die enigste nie-Joodse skrywer in die Nuwe Testament) en sy goeie Grieks suggereer 'n Griekse afkoms. Daar is heelwat Semitiese elemente in sy taal waar die Griekse vertaling van die Hebreuse Ou Testament, die Septuaginta, aangehaal word, wat aandui dat hy, meer as die ander Evangelies die Septuaginta aanhaal om die besondere band met die Ou Testament te bewaar.

Tyd van ontstaan

Omdat Lukas waarskynlik vir Markus gebruik as een van sy bronne, is 'n datum ná Markus, wat moontlik in die vroeë sestiger jare n.C. geskryf is, waarskynlik. Die tempel was toe waarskynlik nog nie deur die Romeine in 70 n.C. verwoes nie. Die groot vuur in Rome was in 64 n.C. Nero het die skuld daarvoor op die Christene gelê en hulle kwaai begin vervolg. Lukas is waarskynlik voor 64 n.C. geskryf. Handelingte 28:30-31 sluit af met Paulus na twee jaar onder bewaking in sy gehuurde huis in Rome as 'n vergunning (Hand 28:16; 30). Paulus was volgens Handelingte 24:27 vir twee jaar gevangene in Sesarea (Junie 56 – September 58 n.C.) en twee jaar in Rome (Maart 59-61 n.C.). Lukas kon moontlik gedurende Paulus se gevangenisskap in Sesarea sy stof versamel en opgeteken het en gedurende die twee jaar in Rome die Evangelie en Handelingte geskryf het.

Indeling van die boek

- 1:1-4 Inleiding (proloog of voorwoord)
- 1:5-2:52 Geboorteverhale van Johannes die Doper en van Jesus.
- 3:1-4:13 Voorbereiding vir Jesus se openbare bediening
- 4:14-9:50 Jesus se bediening in Galilea
- 9:51-19:27 Op pad na Jerusalem
- 19:28-23:25 Jesus se bediening in Jerusalem
- 23:26-49 Die kruisiging van Jesus
- 23:50-24:53 Begrafnis, Opstanding, Hemelvaart.

Tradisioneel word die volgende simbole aan die vier Evangelies gegee:

- Markus die Mens omdat hy die mens Jesus realisties uitbeeld
- Matteus die Leeu wat Jesus uit die stam van Dawid skets;
- Johannes die Arend wat die verste sien en hoogste vlieg;
- Lukas die Kalf, met Jesus as die offerkalf wat geslag word vir die sonde van alle nasies.

Lukas beklemtoon Jesus as die Verlosser, wat verlossing vir alle nasies bewerk, ook vir gevalenes en mense wat uitgeskuif is, soos tollenaars en sondaars. Hy beklemtoon dissipelskap, gebed, met 9 gebede van Jesus teenoor 2 in die ander Evangelies; die werk van die Heilige Gees; die armes in teenstelling met die rykes, vreugde en lofprysing, die wil en plan van God, vroue en kinders.